

Heuningbostee kry eie geurwiel

Die heuningbosgeurwiel – soortgelyk aan die geurwiel wat vir rooibostee ontwikkel is (LBW, 21 Oktober 2011) – is pas deur navorsers by die Landbounavorsingsraad (LNR) en die Universiteit Stellenbosch (US) bekend gestel. Dit bevat 28 geur- en sewe smaak- en mondgevoelterme, en kan boere, verwerkers en uitvoerders help om heuningbostee doeltreffender te bemark. Die geurwiel vir die rooibosteebedryf is reeds 'n waardevolle gehalte- en kommunikasie-instrument.

Die geur van heuningbostee kan meestal as blomagtig, soet, vrugtig en plantagtig, met 'n soet smaak en effe vransk mondgevoel beskryf word.

Prof. Lizette Joubert van die LNR het die projek gelei as deel van navorsing wat gefokus het op die moontlikhede vir die kommersialisering van die heuningbosspesie *Cyclopia maculata*, wat veral by Genadendal en Bereaville in die Wes-Kaap voorkom.

Sy sê die doel was om die opkomende heuningbos-teebedryf te help om tee akkuraat te tipeer, asook om dit doeltreffender op te markte wêreldwyd te bemark. Die geurwiel is – net soos die rooibostee-geurwiel – gesamentlik ontwikkel deur Joubert, me. Nina Muller van die departement voedselwetenskap aan die Universiteit Stellenbosch (US), asook 'n MSc-student, me. Alicia Theron, van dieselfde departement. Die navorsing is deur die Departement van Wetenskap en Tegnologie via die Nasionale Navorsingstigting gefinansier.

Joubert meen tee is 'n komplekse produk met talle verskillende geur- en aroma-verbindings wat soms moeilik geïdentifiseer

en beskryf kan word. “Om tee doeltreffend in hoogs mededingende internasionale teemarkte te bemark, is dit egter noodsaaklik om die eienskappe van 'n spesifieke soort tee te beskryf in 'n 'taal' wat teekopers verstaan.”

'n Proepaneel van die US het 58 heuningbostee-aftreksels van ses verskillende heuningbossoorte geëvalueer. Hulle het bevind dat die geur van heuningbostee meestal as blomagtig, soet, vrugtig en plantagtig, met 'n soet smaak en effe vransk mondgevoel beskryf kan word.

Die paneel het egter beduidende smaak- en geurverskille tussen die verskillende heuningbossoorte gevind. S6, byvoorbeeld, lewer heuningbos wat in die Genadendal-omgewing groei (*Cyclopia maculata*) tee met 'n sterk speseryagtige kassia-kaneel-arama en-geur.

Die meeste soorte heuningbostee in supermarkte is 'n mengsel van twee of meer Cy-

clopia-spesies. “Ons het met ses verskillende spesies gewerk om die wiel te ontwikkel, en dit is dus 'n generiese instrument vir heuningbos,” meen Joubert. Die volgende uitdaging is om die instrument spesifiek vir verskillende spesies te verfyn.


Begrip van die geur- en aromavariasies tussen spesies en tee van verskillende streke kan help om heuningbostee produkte vir spesifieke nismarkte te ontwikkel. Verwerkers kan die inligting ook gebruik om te verseker dat hulle verskillende heuningbossoorte optimaal verwerk en vermeng om 'n spesifieke geurprofiel te kry.

Die 23 bekende heuningbosspesies, wat almal aan die genus *Cyclopia* behoort, het elk 'n kenmerkende verspreiding in die natuur. Party soorte verkies sanderige kusvlaktes, terwyl ander teen koel en klam berghellings gedy. Joubert sê die LNR moedig eerder volhoubare heuningbosboerdery aan as om wilde heuningbos te oes.

- JOHAN COETSEE

Navrae: Prof. Lizette Joubert, tel. 021 809 3444 of e-pos: joubertl@LNR.agric.za

Heuningbostee is 'n unieke Suid-Afrikaanse produk met die potensiaal om wêreldwyd nismarkte te verower.



Die nuwe heuningbostee-geurwiel, wat tans nog net in Engels beskikbaar is, bevat 28 geur- en sewe smaak- en mondgevoelterme.